AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Grafiese ontwerper*

PRETORIA

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir die Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het ŉ voltydse pos vir ŉ grafiese ontwerper in die Bemarking en Kommunikasie-afdeling beskikbaar. Hierdie pos is in Centurion gesetel.

## POSDOELSTELLING

Die grafiese ontwerper is verantwoordelik vir die ontwikkeling van kreatiewe grafiese ontwerpe wat Akademia se handelsmerk en sekondêre handelsmerke se korporatiewe identiteite (KI'e) handelsmerkposisionering en doelstellings ondersteun.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- ontwikkeling van kreatiewe ontwerpidees saam met die breër span
- skep van grafiese ontwerpe vir multimedia, wat drukmedia, digitale media en video's insluit
- handhawing van die instelling se korporatiewe identiteit
- hantering van navrae en versoeke wat verband hou met grafiese ontwerpe
- die neem en redigering van foto's

## POSVEREISTES

- ŉ honneurs- of vierjaargraad in grafiese ontwerp, illustrasie of multimedia-ontwerp
- ŉ minimum van vier jaar se ervaring in die skep van grafiese ontwerpe met ontwerpsagteware van Adobe Creative Cloud (Illustrator, InDesign en Photoshop)
- begrip van die verskillende vereistes van ontwerp vir gedrukte en digitale media, die drukproses, inkgebruike en ander afwerkings
- ervaring in ontwerptegnieke
- die uitvoer van ontwerpprojekte vanaf konseptualisering tot die voltooiing van die ontwerp
- ervaring in die skep van gevoelborde (*moodboards*)
- ervaring in die ontwikkeling van handelsmerke en die skep van animasies (voordelig)

## VAARDIGHEDE

- ŉ sterk aanvoeling vir visuele uitleg en die nuutste tendense daaroor
- doeltreffende kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede
- ŉ oog vir detail en akkuraatheid, en doeltreffende uitvoering (onafhanklik en in ŉ span) van ontwerpprojekte
- handhawing van goeie menseverhoudings, sowel as professionaliteit en ŉ positiewe ingesteldheid
- die vermoë om onder druk te werk en te prioritiseer
- kennis van Akademia en die hoëronderwysomgewing in die algemeen

Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. Kandidate word versoek om ŉ portefeulje by hul aansoek aan te heg om vir die pos oorweeg te word. Aansoeke moet voor of op **30 Maart 2026** ingedien word. Stuur ŉ e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.